



**Stellenbosch**

UNIVERSITY  
IYUNIVESITHI  
UNIVERSITEIT

DIVISION STUDENT AFFAIRS  
ICANDELO LEMIBA YABAFUNDI  
AFDELING STUDENTESAKE

Beste Voornemende Nuweling-Matie

## **PENDEL STUDENTE GEMEENSAPPE (PSG) AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

Baie geluk met jou voorwaardelike aanvaarding vir 'n akademiese program aan die Universiteit Stellenbosch (US). Ons sien daarna uit om jou in 2025 te verwelkom.

Die doel van hierdie brief is om jou meer oor ons Pendel Student Gemeenskappe te vertel. Byna 75% van ingeskrewe studente aan die US maak van privaatverblyf gebruik. Studente word ingedeel by pendel studente gemeenskappe wat omvattende geleenthede bied sodat privaat studente sosiaal en akademies suksesvol op die kampus kan integreer. Hierdie gemeenskappe is geposisioneer om aan studente in privaat verblyf die kans te gee om 'n gesonde en diverse universiteitservaring te hê. Met die oog hierop vorm die ko-kurrikulêre en buiteklas-ervaring een van die sleutelfokusareas vir studenteontwikkeling aan die US.

### **Wat is 'n Pendel Studente Gemeenskap?**

Dit is 'n organisatoriese struktuur om US-studente wat in privaat akkommodasie woon, te ondersteun. Hierdie gemeenskappe word bestuur deur die Pendel Student Gemeenskappe Eenheid in die Sentrum vir Studente Leef en Leer (SSLL) en word ondersteun deur die verkose studenteleiers.

Elke gemeenskap koördineer die verwelkoming van hulle nuwelingstudente op kampus en bied toegang tot sport, kultuur- en sosiale aktiwiteit asook geleenthede vir leierskapontwikkeling. Daar word ook aan elke nuweling 'n mentor toegeken wat 'n senior student binne jou gemeenskap is. Ons glo dat hierdie ondersteunende struktuur daartoe bydra dat die US gegraduateerdes lewer wat as afgeronde burgers tot die samelewing kan toetree.

**Let wel:** Pendel studente gemeenskappe *verskaf GEEN verblyf* aan studente nie. As jy nie van 'n Universiteitskoshuis gaan gebruik maak nie, moet jy self jou eie akkommodasie reël.

### **Hoe raak ek 'n lid?**

Alle ingeskrewe studente wat nie koshuisverblyf het nie, kry vanselfsprekend lidmaatskap. Ledegeld is verpligtend; dit word op jou studenterekening gehef tot aan die einde van honneursstudies.

Pendel studente word lukraak by een van die elf Pendel Studente Gemeenskappe ingedeel, soos in die US Plasingsbeleid bepaal. Jy mag nie van gemeenskap verander nie; jy bly dus vir die duur van jou studies deel van dieselfde gemeenskap. Alle gemeenskappe bied dieselfde gehalte akademiese en sosiale ondersteuning, asook toegang tot fasiliteite wat deur die kluster ('n groep gemeenskappe) beskikbaar gestel word. PSG lidmaatskap stel jou in staat om as 'n Matie aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deel te neem. Die akademiese fakulteite verdeel studente in tutorialgroepe volgens die kluster waaraan hulle behoort.

## PSG-model vir virtuele aanbieding

Pendel Studente Gemeenskappe maak ook gebruik van virtuele betrokkenheidsplatforms om te verseker dat akademiese en mentorondersteuning, sosiale verbintenisse en ondersteuningsnetwerke toegang verkry kan word ten spyte van die reisvereistes realiteit van pendelstudente. Dit beteken dat studente toegang het tot 'n groot verskeidenheid verrykende geleenthede wat verseker dat hulle aan kampus en aan mekaar verbind bly.

Jou studente gemeenskap is jou toegangspunt tot die US kampus lewe ekosisteem wat verseker dat jou tyd aan die US ryk aan ontwikkelings- en sosiale geleenthede is.

Jy sal middel Desember 2024 'n persoonlike brief van die gemeenskap kry waaraan jy behoort met spesifieke besonderhede oor die verwelkomings en oriënteringsprogram vir 2025.

### Verdere inligting

Jou gemeenskapstoekenningsbrief sal middel Desember 2025 vir jou gestuur word. Jy sal ook 'n persoonlike verwelkomings- en oriënteringsboekie ontvang van die gemeenskap waaraan jy toegewys is.

Vir meer inligting oor die gemeenskap struktuur, klik asseblief [hier](#).

Soos ons gesê het, verskaf die Pendel Student Gemeenskappe Eenheid nie inligting oor privaat akkommodasie nie. Jy is egter baie welkom om die volgende webtuiste te besoek vir hulp daarmee: [www.maties.com](http://www.maties.com) > [akkommodasie](#) > [privaatverblyf](#).

Vriendelike Matie-groete

## Die Pendel Student Gemeenskappe Eenheid

[cscu@sun.ac.za](mailto:cscu@sun.ac.za)



forward together  
sonke siya phambili  
saam vorentoe

Centre for Student Communities | IZiko lamaQumrhu aBafundi | Sentrum vir Studentegemeenskappe  
Student Affairs | iMiba yaBafundi | Studentesake  
+27 21 808 3064 | [ssg@sun.ac.za](mailto:ssg@sun.ac.za) | [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za)  
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika  
11 Bosman Street | 11 eBosman Stalato | Bosmanstraat 11